
BREEK NUWE GROND

Senwes

grainlink

# KENNISGEWING AAN ALLE KLANTE VIR DIE LEWERING VAN SONNEBLOM VIR DIE BEMARKINGSEISOEN 2025/2026

## TARIEWE VIR SONNEBLOM



# KENNISGEWING AAN ALLE KLANTE VIR DIE LEWERING VAN SONNEBLOM VIR DIE BEMARKINGSEISOEN 2025/2026

## TARIEWE VIR SONNEBLOM

| **1.** | **Berging en Hanterings opsies en tariewe<br>01 April 2025 – 28 Februarie 2026** | | |
|---|---|---|---|
| 1.1. | **Algemene Opberging** | | |
| | | **Hantering per ton** | **Opberging per ton** |
| 1.1.1. | **Algemene Opberging – Kategorie A Silo's** | R139.20 (BTW Uitgesluit)<br>R160.08 (BTW Ingesluit) | R2.40 (BTW Uitgesluit) per ton per dag<br>R2.76 (BTW Ingesluit) per ton per dag |
| | | | |
| 1.1.2. | **Algemene Opberging – Kategorie B Silo's** | R 92.21 (BTW Uitgesluit)<br>R106.04 (BTW Ingesluit) | R2.34 (BTW Uitgesluit) per ton per dag<br>R2.69 (BTW Ingesluit) per ton per dag |
| | | | |
| 1.1.3. | **Algement Opberging – Kategorie C Silo's** | R 61.88 (BTW Uitgesluit)<br>R 71.16 (BTW Ingesluit) | R2.34 (BTW Uitgesluit) per ton per dag<br>R2.69 (BTW Ingesluit) per ton per dag |
| | | | |
| 1.2. | **Seisoen tarief** | | |
| | | **Hantering per ton** | **Opberging** |
| 1.2.1. | **Algemene Opberging – Kategorie A Silo's** | R139.20 (BTW Uitgesluit)<br>R160.08 (BTW Ingesluit) | R295.20 (BTW Uitgesluit) per ton<br>R339.48 (BTW Ingesluit) per ton |
| | | | |
| 1.2.2. | **Algemene Opberging – Kategorie B Silo's** | R 92.21 (BTW Uitgesluit)<br>R106.04 (BTW Ingesluit) | R283.14(BTW Uitgesluit) per ton<br>R325.61 (BTW Ingesluit) per ton |
| | | | |
| 1.2.3. | **Algement Opberging – Kategorie C Silo's** | R 61.88 (BTW Uitgesluit)<br>R 71.16 (BTW Ingesluit) | R280.80 (BTW Uitgesluit) per ton<br>R322.92 (BTW Ingesluit) per ton |
| | | | |
| 1.3. | **Uitgestelde opberging** | Kliënt het tot 31 Oktober 2025 om 'n opbergingsopsie te kies | |
| | | | |
| 1.4. | **Oordragvoorraad – 01 Maart 2025** | | |
| | | | **Opberging** |
| 1.4.1. | **Kategorie A Silo's** | | R2.40 (BTW Uitgesluit) per ton per dag<br>R2.76 (BTW Ingesluit) per ton per dag met 'n maksimum van R295.20 (BTW Uitgesluit) R339.48 (BTW Ingesluit) |
| | | | |
| 1.4.2. | **Kategorie B Silo's** | | R2.34 (BTW Uitgesluit) per ton per dag<br>R2.69 (BTW Ingesluit) per ton per dag<br>Met 'n maksimum van R283.14 (BTW Uitgesluit) R325.61 (BTW Ingesluit) |
| | | | |
| 1.4.3. | **Kategorie C Silo's** | | R2.34 (BTW Uitgesluit) per ton per dag<br>R2.69 (BTW Ingesluit) per ton per dag<br>Met 'n maksimum van R280.80 (BTW Uitgesluit) R322.92 (BTW Ingesluit) |

| Diverse / Administratiewe koste opsomming (van toepassing op alle graansoorte) | | |
|---|---|---|
| **A.** | **Administrasie Tariewe (01/05/2024 – 30/04/2025)** | |
| | Instruksie wysigings | R5.77 per ton / R109.81 minimum per transaksie (BTW Uitgesluit)<br>R6.64 per ton / R126.29 minimum per transaksie (BTW Ingesluit) |
| | Sonneblom oorplasing | R8.08 per ton / R141.73 minimum per transaksie (BTW Uitgesluit)<br>R9.29 per ton / R162.99 minimum per transaksie (BTW Ingesluit) |
| | Sertifikaat omskakeling na ander tarief opsies/Sertifikaat uitreikingskoste | R5.01 per ton / R109.81 minimum per transaksie (BTW Uitgesluit)<br>R5.76 per ton / R126.29 minimum per transaksie (BTW Ingesluit) |
| **B.** | **Diverse Tariewe (01/05/2024 – 30/04/2025)** | |
| | Weeg | R6.45 per ton (BTW Uitgesluit)<br>R7.41 per ton (BTW Ingesluit)<br>Minimum koste per vrag<br>R83.63 (BTW Uitgesluit)<br>R96.17 (BTW Ingesluit) |
| | Uitsakkoste (sakke uitgesluit) | R169.11 per ton (BTW Uitgesluit)<br>R194.47 per ton (BTW Ingesluit) |

- Klante moet hulleself vergewis van die volledige tariewe en reëls soos in die tersaaklike kennisgewing uiteengesit.
- Alle tariewe is slegs vir sonneblom geproduseer in Suid-Afrika.
- Alle pryse, tensy anders vermeld, is BTW Uitgesluit. BTW is wel betaalbaar.

**SENWES**
**SILO KATEGORIEË**

| Kategorie A | | |
|---|---|---|
| Allanridge Silo | Hoogte Silo | Schuttesdraai Silo |
| Arlington Silo | Koppies Silo | Steynsrust Silo |
| Attie Silo | Losdoorns Silo | Theunissen Silo |
| Bloemfontein Silo | Makokskraal Silo | Tierfontein Silo |
| Bothaville Silo | Melliodora Silo | Van Tonder Silo |
| Brandfort Silo | Middelvlei Silo | Ventersdorp Silo |
| Buckingham Silo | Mirage Silo | Vierfontein Silo |
| Bultfontein Silo | Mooigeleë Silo | Viljoenskroon Silo |
| De Brug Silo | Oberholzer Silo | Vredefort Silo |
| Enselspruit Silo | Odendaalsrus Silo | Weiveld Silo |
| Geneva Silo | Petrusburg Silo | Welgeleë Silo |
| Gottenburg Silo | Potchefstroom Silo | Werda Silo |
| Groenebloem Silo | Protespan Silo | Wesselsbron Silo |
| Hartbeesfontein | Raathsvlei Silo | Willemsrust Silo |
| Heilbron Silo | Regina Silo | Winburg Silo |
| Hennenman Silo | Rooiwal Silo | Wolwehoek Silo |
| Heuningspruit Silo | Schoonspruit Silo | |

| Kategorie B |
|---|
| Amalia Silo |
| Bloemhof Silo |
| Hallatshope Silo |
| Hertzogville Silo |
| Hoopstad Silo |
| Kameel Silo |
| Kingswood Silo |
| Makwassie Silo |
| Migdol Silo |
| Schweizer-Reneke Silo |
| Strydpoort Silo |
| Wolmaransstad Silo |

| Kategorie C |
|---|
| Bamboesspruit Silo |
| Christiana Silo |
| Leeudoringstad Silo |

**Kennisgewing**

Senwes Beperk (Senwes) gee hiermee kennis van die opbergingsopsies en tariewe soos wat dit vir die 2025/2026 sonneblom bemarkingsjaar wat op 1 Maart 2025 begin, toegepas sal word.

Hierdie inligtingsbrief en kennisgewing gelees met Senwes se standaard opbergingsvoorwaardes (wat by die silos beskikbaar is) vorm die geheel ooreenkoms waarkragtens u van die opbergingsfasiliteit gebruik maak. Indien enige terme en voorwaardes wat hierin vervat is, die standaard terme van toepassing op die opberging van produkte weerspreek, sal die bepalings van hierdie kennisgewing deurslaggewend wees. Enige keuse wat hiervolgens uitgeoefen word is slegs van toepassing op die toepaslike seisoen.

Niks hierin vervat sal vertolk word as dat die Graansilo Operateur ('Senwes") verplig wees om alle of enige produkte aangebied deur die Graansilogebruiker, vir opberging te aanvaar nie. Die aanvaarding daarvan al dan nie sal te alle relevante tye berus by Senwes wat sy diskresie mag uitoefen aan die hand van onder andere, sy eie behoeftes, die beskikbaarheid van spasie of die funksionaliteit al dan nie van bepaalde silos.

Senwes behou die reg voor om die tariewe gedurende die jaar te verander sou operasionele omstandighede dit vereis. Sodanige tariewe sal geld vanaf datum waarop dit deur Senwes gepubliseer word.

Gewysigde administratiewe en diverse tariewe vir die tydperk 1 Mei 2025 – 30 April 2026 sal by 'n latere geleentheid gepubliseer word in die Somergraan tarief dokument. Die gewysigde tariewe sal geld vanaf 1 Mei 2025.

*** Die vordering van statutêre heffings BTW ingesluit, word gedoen soos wat deur wetgewing vereis word.**

***LET WEL BTW IS BETAALBAAR OP ALLE TARIEWE.**

## Algemene Opberging:

**Hierdie is die standaard opberging tariewe wat toegepas gaan word indien u nie een van die ander berginsopsies kies nie.**

**1. HANTERINGSKOSTE**

**1.1. Hanteringskoste vir 2025 – 2026 seisoen**

| | Hantering per ton |
|---|---|
| **Algemene Opberging (Kategorie A silo's)** | R139.20 (BTW uitgesluit)<br>R160.08 (BTW ingesluit) |
| | |
| **Algemene Opberging (Kategorie B silo's)** | R 92.21 (BTW uitgesluit)<br>R106.04 (BTW ingesluit) |
| | |
| **Algemene Opberging (Kategorie C silo's)** | R 61.88 (BTW uitgesluit)<br>R 71.16 (BTW ingesluit) |

**2. OPBERGINGSKOSTE**

**2.1. Dagtarief vir 2025 – 2026 seisoen**

| | Dagtarief per ton |
|---|---|
| **Kategorie A silo's** | R2.40 (BTW uitgesluit) per ton per dag<br>R2.76 (BTW ingesluit) per ton per dag |
| | |
| **Kategorie B silo's** | R2.34 (BTW uitgesluit) per ton per dag<br>R2.69 (BTW ingesluit) per ton per dag |
| | |
| **Kategorie C silo's** | R2.34 (BTW uitgesluit) per ton per dag<br>R2.69 (BTW ingesluit) per ton per dag |

Die opbergingstarief is maandeliks betaalbaar, tensy vooraf finansierings reëlings getref is met Senwes, in welke geval die sonneblom as sekuriteit aangewend sal word. Die koste vir hierdie tarief-opsie word gefaktureer by lewering of oorplasing van die sonneblom na hierdie opsie en is binne 30 dae na maandstaat betaalbaar waarna **rente teen ABSA Bank se heersende prima** uitleenkoers gehef word vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van volle betaling.

**2.2. Seisoen tarief**

| | Seisoen tarief per ton |
|---|---|
| **Kategorie A silo's** | R295.20 per ton (BTW uitgesluit)<br>R339.48 per ton (BTW ingesluit) |
| | |
| **Kategorie B silo's** | R283.14 per ton (BTW uitgesluit)<br>R325.61 per ton (BTW ingesluit) |
| | |
| **Kategorie C silo's** | R280.80 per ton (BTW uitgesluit)<br>R322.92 per ton (BTW ingesluit) |

Die volgende volume korting is van toepassing op die **seisoen tarief**:

| Tonne | % |
|---|---|
| 5 000 tot 10 000 | 7.5% van Bergingskoste |
| 10 001 tot 20 000 | 10% van Bergingskoste |
| 20 001 en hoër | 15% van Bergingskoste |

Neem kennis van die wysiging en byvoegings soos volg:

- Volume korting sal geskied aan die einde van die seisoen.
- Volume korting is van toepassing slegs op oliesade wat gelewer is of oorgeplaas word op seisoen tarief.
- Die klant moet sy **keuse skriftelik by die silo of by Senwes se hoofkan**toor uitoefen ten einde van hierdie opsie gebruik te maak.
- Fakturering sal plaasvind binne 7 (sewe) dae nadat die keuse uitgeoefen is en gemelde faktuur sal betaalbaar wees binne 30 (dertig) dae na die datum van die faktuur, waarna **rente teen ABSA Bank se heersende prima** uitleenkoers gehef word vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van volle betaling.
- Die toepaslike hantering tarief per ton sal tesame met die seisoen opberging gedebiteer word en is betaalbaar voor of op 30 (dertig) dae na fakturering.
- Regte ingevolge die **seisoen opberging opsie** is nie oordraagbaar indien voorraad vanaf een koper na ʼn ander koper oorgeplaas word.
- Waar voorraad vanaf ʼn koper se lewerings folio na die koper se finansiering folio oorgedra word is die regte wel oordraagbaar.
- **Let wel:** Waar voorraad vanaf ʼn dag tarief na seisoen tarief oorgeplaas word, is albei tariewe ter sprake soos gestipuleer op die tarief dokument.
- Klante word versoek om deeglike beplanning met betrekking tot opberging keuses te doen aangesien geen krediet op die seisoen tarief toegestaan sal word indien grane en oliesade verkoop of uitgelaai word voor seisoen, soos hierin uiteengesit, uitgeloop het nie.
- Hierdie opsie geld slegs vir sonneblom wat op ‘n voorraadrekening gehou word. Indien die klant wat sonneblom kragtens ‘n silosertifikaat (Safex of Senwes) hou, van die opsie gebruik wil maak, moet die silosertifikaat gekanselleer word en die tonnemaat sonneblom op ‘n voorraadrekening geplaas word.
- Die administratiewe koste vir die oorplasing beloop R5.01 per ton (BTW uitgesluit) en R5.76 per ton (BTW ingesluit), onderhewig aan `n minimum bedrag van R109.81 (BTW uitgesluit) en R126.29 (BTW ingesluit) per transaksie. Senwes Grainlink behou homself die reg voor om enige tyd die silo’s waar die opsie van toepassing is, te verander, welke besluit geneem sal word gebaseer op besigheidsoorwegings volgens Senwes Grainlink se eie diskresie. Waar graan reeds gelewer is, sal transaksie eerbiedig word.

**Ontvangs silo's:**

Die volgende silo's is vir ontvangs van sonneblom by Safex geregistreer:

| Kategorie A | | |
|---|---|---|
| Allanridge Silo | Hoogte Silo | Schuttesdraai Silo |
| Arlington Silo | Koppies Silo | Steynsrust Silo |
| Attie Silo | Losdoorns Silo | Theunissen Silo |
| Bloemfontein Silo | Makokskraal Silo | Tierfontein Silo |
| Bothaville Silo | Melliodora Silo | Van Tonder Silo |
| Brandfort Silo | Middelvlei Silo | Ventersdorp Silo |
| Buckingham Silo | Mirage Silo | Vierfontein Silo |
| Bultfontein Silo | Mooigeleë Silo | Viljoenskroon Silo |
| De Brug Silo | Oberholzer Silo | Vredefort Silo |
| Enselspruit Silo | Odendaalsrus Silo | Weiveld Silo |
| Geneva Silo | Petrusburg Silo | Welgeleë Silo |
| Gottenburg Silo | Potchefstroom Silo | Werda Silo |
| Groenebloem Silo | Protespan Silo | Wesselsbron Silo |
| Hartbeesfontein | Raathsvlei Silo | Willemsrust Silo |
| Heilbron Silo | Regina Silo | Winburg Silo |
| Hennenman Silo | Rooiwal Silo | Wolwehoek Silo |
| Heuningspruit Silo | Schoonspruit Silo | |

| Kategorie B |
|---|
| Amalia Silo |
| Bloemhof Silo |
| Hallatshope Silo |
| Hertzogville Silo |
| Hoopstad Silo |
| Kameel Silo |
| Kingswood Silo |
| Makwassie Silo |
| Migdol Silo |
| Schweizer-Reineke Silo |
| Strydpoort Silo |
| Wolmaransstad Silo |

| Kategorie C |
|---|
| Bamboesspruit Silo |
| Christiana Silo |
| Leeudoringstad Silo |

**2.3. UITGESTELDE OPBERGING (slegs met eerste lewering en word as sulks nie oordraagbaar nie)**

Klante het tot 31 Oktober 2025 tyd om 'n opberging opsie te kies. Gedurende die periode tot 31 Oktober 2025 word die debitering van hantering en berging uitgestel tensy die bepalings van 'n spesifieke opsie anders bepaal. Sou die klant die uitgestelde opberging opsie kies, sal die klant op 31 Oktober 2025 gefaktureer word. Die klant moet sy **keuse skriftelik by die silo of by Senwes se hoofkantoor** uitoefen ten einde van hierdie opsie gebruik te maak.

Indien sonneblom wat op die uitgestelde opberging gelewer is, verkoop word voor of op 31 Oktober 2025, word die hantering en opgeloopte opberging soos op datum van die transaksie deur Senwes verreken (soos in die tariewe hieronder uiteengesit) en dit is betaalbaar voordat die sonneblom uitgelaai of 'n silosertifikaat soos deur die klant versoek, uitgereik en gelewer word.

**Indien die klant versuim om 'n opberging opsie van sy keuse voor 31 Oktober 2025 te kies, sal die volgende opberging tarief outomaties gehef word van:**

| | Seisoen tarief per ton |
|---|---|
| **Kategorie A silo's** | R295.20 per ton (BTW uitgesluit)<br>R339.48 per ton (BTW ingesluit) |
| | |
| **Kategorie B silo's** | R283.14 per ton (BTW uitgesluit)<br>R325.61 per ton (BTW ingesluit) |
| | |
| **Kategorie C silo's** | R280.80 per ton (BTW uitgesluit)<br>R322.92 per ton (BTW ingesluit) |

**Verder sal die hanteringstarief, soos vermeld in paragraaf 1, ook outomaties gehef word. Betaling moet binne 30 dae na datum van faktuur plaasvind.**

## 3. SAFEX TARIEF

Die tarief met betrekking tot hierdie opsie sal van toepassing wees op alle sonneblom wat gehou word kragtens 'n Safex silosertifikaat onderhewig aan die volgende bykomende terme en voorwaardes en klante moet hulself vergewis daarvan dat die Safex tarief slegs van toepassing is by Safex geregistreerde silo's vir sonneblom:

**3.1** Die Safex tarief soos gepubliseer deur Safex (Johannesburg Stock Exchange, Agricultural Derivatives Market) word outomaties deur die stelsel gehef vanaf die datum waarop die silosertifikaat uitgereik word tot op die datum waarop die sertifikaat by Senwes aangebied word.
**3.2** Sonneblom word nie uitgelaai voordat alle uitstaande opgelope koste vereffen is nie.
**3.3** Wanneer 'n Safex silosertifikaat aangevra en uitgereik word, moet die opgelope silokoste ooreenkomstig die silokoste-opsie wat gegeld het tot op die datum, onmiddellik betaal word, voordat die sertifikaat uitgereik sal word.
**3.4** Die klant is geregtig om te eniger tyd in oorleg met Senwes die Safex silosertifikaat wat aangebied word om te skakel na klante opberging en sy keuse uit te oefen met betrekking tot ander opbergings tariefopsies wat wel van toepassing is. Die administratiewe koste vir die oorplasing beloop R5.01 per ton (BTW uitgesluit) en R5.76 per ton (BTW ingesluit), onderhewig aan `n minimum bedrag van R109.81 (BTW uitgesluit) en R126.29 (BTW ingesluit) per transaksie.

## 4. SENWES SILO-SERTIFIKATE

**4.1** Die Senwes algemene opberging tariewe soos omskryf in paragraaf 2.1 word outomaties deur die stelsel gehef vanaf die datum waarop die silosertifikaat uitgereik word tot op die datum waarop die sertifikaat by Senwes aangebied word.
**4.2** Wanneer 'n Senwes silosertifikaat uitgereik word, moet die opgelope silokoste, ooreenkomstig die silo-koste-opsie wat gegeld het tot op die datum, onmiddellik betaal word, voordat die sertifikaat uitgereik sal word.
**4.3** Die klant is geregtig om te eniger tyd in oorleg met Senwes die Safex silosertifikaat wat aangebied word om te skakel na klante opberging en sy keuse uit te oefen met betrekking tot ander opbergings tariefopsies wat wel van toepassing is. Die administratiewe koste vir die oorplasing beloop R5.01 per ton (BTW uitgesluit) en R5.76 per ton (BTW ingesluit), onderhewig aan `n minimum bedrag van R109.81 (BTW uitgesluit) en R126.29 (BTW ingesluit) per transaksie.

**Sonneblom word nie uitgelaai voordat alle uitstaande opgelope koste betaal is nie.**

## 5. OORDRAGVOORRAAD

Die tarief van toepassing vir opberging op alle sonneblom voorraad, wat oorgedra word vanaf die seisoen waarin dit gelewer is en op die ondergenoemde datum van oordrag in opberging in Senwes se silos geberg word, is die dag opberging tarief soos omskryf in paragraaf 2.1 hierbo, totdat die dag opberging gelykbreek met die plafon tarief van:

| | **Seisoen tarief per ton** |
|---|---|
| **Kategorie A silo's** | R295.20 per ton (BTW uitgesluit)<br>R339.48 per ton (BTW ingesluit) |
| | |
| **Kategorie B silo's** | R283.14 per ton (BTW uitgesluit)<br>R325.61 per ton (BTW ingesluit) |
| | |
| **Kategorie C silo's** | R280.80 per ton (BTW uitgesluit)<br>R322.92 per ton (BTW ingesluit) |

Die opberging tarief is maandeliks betaalbaar, tensy vooraf finansiering reëlings getref is met Senwes, in welke geval die sonneblom as sekuriteit aangewend sal word. Die koste vir hierdie tarief-opsie word gefaktureer by lewering of oorplasing van die sonneblom na hierdie opsie en is binne 30 dae na maandstaat betaalbaar waarna rente teen ABSA Bank se heersende prima uitleenkoers gehef word vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van volle betaling.

Indien sonneblom wat vanaf eerste lewering oorgaan na oordragvoorraad (uitgestelde opberging), verkoop word voor of op 31 Oktober 2025, word die opgeloopte opberging soos op datum van die transaksie deur Senwes verreken (soos in die tariewe hieronder uiteengesit) en dit is betaalbaar voordat die sonneblom uitgelaai of 'n silosertifikaat soos deur die klant versoek, uitgereik en gelewer word.

| Produk | Datum van oordrag |
|---|---|
| Sonneblom | 1 Maart 2025 |

Alle oordrag sonneblom op silosertifikaat (SAFEX of Senwes) sal teen die toepaslike dagtarief opgeberg word.

6. **DROOGOONDKOSTE**

**6.1.** Sonneblom wat nie kunsmatig gedroog word nie, word ingeneem teen 'n maksimum van 12.5 % vog. Die gelewerde sonneblom massa word by lewering met die gebruik van die vogformule (sien paragraaf 8.2) verminder na 9% vog.

**6.2.** Senwes is van tyd tot tyd, volgens sy diskresie, bereid om by silos waar drogingsfasiliteite beskikbaar is, sonneblom van 'n hoër voggehalte te aanvaar. Die sonneblom kan dan op die koste en versoek van die klant gedroog word, onderhewig aan die toepaslike massa-aanpassing vir surplus vog.

**6.3.** Vogpersentasies van sonneblom word met behulp van 'n bedryf aanvaarbare standaard vog meter bepaal wat volgens die vervaardiger se voorskrifte en prosedures gekalibreer is.

**6.4.** Volledige inligting met betrekking tot die beskikbaarheid en vereistes ten opsigte van die drogingsfasiliteit is by die silo beskikbaar.

**6.5. Senwes behou hom die reg voor om die ontvangs van nat sonneblom te stop indien daar 'n oor aanbod van nat sonneblom is en droog kapasiteit nie voldoende is nie.**

**6.6.** Die beskikbaarheid van drogings fasiliteite vir droging van sonneblom sal bepaal word deur die beskikbaarheid van kapasiteit. Nader u Silo bestuurder m.b.t. die beskikbaarheid van hierdie diens

**6.7.** Die tariewe vir droging is as volg (1 April 2025 tot 28 Februarie 2026):

| **Droogoondkoste - Sonneblom** | | |
|---|---|---|
| **Persentasie vog** | **Rand per ton** | **Rand per ton** |
| | **BTW uitgesluit** | **BTW ingesluit** |
| 10,1 – 11,0 | R63.62 | R73.16 |
| 11,1 – 12,0 | R84.16 | R96.78 |
| 12,1 – 12,5* | R108.09 | R124.30 |

| **Droogoondkoste – Sonneblom slegs by Bloemhof silo** | | |
|---|---|---|
| **Persentasie vog** | **Rand per ton** | **Rand per ton** |
| | **BTW uitgesluit** | **BTW ingesluit** |
| 10,1 – 11,0 | R34.63 | R39.82 |
| 11,1 – 12,0 | R69.25 | R79.64 |
| 12,1 – 12,5* | R103.88 | R119.46 |

***12.1% tot 12.5% vog ontvangste sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word met die nodige toestemming van Senwes Graanbestuur.***

*****Alle sonneblom met 'n vog persentasie meer as 10.0% wat gedroog word sal eers onttrek, verhandel kan word indien droë sonneblom beskikbaar is.***

7. **VERWYDERING VAN SKADELIKE SADE**

Ten einde die klant behulpsaam te wees om vragte skoon te maak, lewer Senwes waar sodanige fasiliteite beskikbaar is, die verwydering van skadelike sade as 'n diens, **volgens die diskressie van die silo bestuurder**, teen die gepubliseerde tarief. Die verwydering van skadelike sade is 'n tydrowende aksie, wat gepaard gaan met 'n hoë koste en risiko.

- ***Klant neem nie sifsels terug nie:***
  Die skoonmaakkostes word gehef en 'n massa-aanpassing, soos uiteengesit hieronder, gemaak. **Alle materiaal** onder die 4,75mm rondegatsif **plus** die **vreemde materiaal bo die 4,75mm sif, asook sclerotinia** word gebruik vir die berekening van die persentasie vir massa-aanpassing.

| **Skoonmaak koste - Sonneblom** | | |
|---|---|---|
| **Aantal sade per 1kg** | **Rand per ton** | **Rand per ton** |
| | **BTW uitgesluit** | **BTW ingesluit** |
| 2 – 20 | R 75.81 | R 87.18 |
| 21 – 30 | R161.34 | R185.54 |
| 31 - 40 | R320.73 | R368.84 |
| > 40 | R480.12 | R552.14 |

## 8. ONTVANGSTES

### 8.1. Fisiese verliese

Aangesien die klant 'n produk lewer op 'n skoongemaakte basis, sal Senwes verder die ondergemelde aftrekkings doen van die bruto massa van die gelewerde produk nadat die vog aansuiwering gedoen is, ten einde die netto massa te bepaal wat uiteindelik weer deur die klant onttrek mag word, te wete werklike persentasie vreemde materiaal, sifsels sclerotinia en nat/groen peule, plus die volgende fisiese verlies aftrekking.

**Kriteria van fisiese verlies aftrekking**

- *Indien die totale afwykings* meer as 4% is vind 0,5% aftrekking plaas op bruto massa gelewer.*
- *Indien die totale afwykings* minder as 4% is vind 0.3% aftrekking plaas op bruto massa gelewer.*

* Let dat die fisiese verlies aftrekking slegs ‘n eenmalige aftrekking sal wees afhangend van watter een van die kriteria die hoogste sal wees. Met ander woorde, as daar ‘n oorskryding is van enige van die maksimum limiete uiteengesit by enige van die bogenoemde, ongeag of enige of al die ander limiete binne perke sou wees, sal daar ‘n 0.5% aftrekking wees. Indien by enige van die bogenoemde gevalle ‘n oorskryding was waar 0.5% sou aftrek, sal die aftrekking nie herhaal word nie. 0.5% word dus net eenmalig afgetrek, ongeag of daar ‘n oorskryding was by meer as een van die kriterias.

### 8.2. Oortollige vog

Die gelewerde sonneblom massa word **by lewering**, met die gebruik van die vog formule, verminder na onderstaande vog persentasies.

| Produk | Vog % |
|---|---|
| Sonneblom | 9,0% (10% as droog geag met aftrekkings na 9.0%) Tydens ontvangste |

Die formule vir die berekening van die aansuiwering is as volg:

Bruto Massa X <u>100 – Werklike vog inhoud</u>
100 – Statutêre voorgeskrewe vog inhoud van graansoort (soos hieronder uiteengesit. Sou die wetlik voorgeskrewe vog inhoud op enige stadium gewysig word, sal die wetlik voorgeskrewe voginhoud hieronder uiteengesit, dienooreenkomstig aangepas word)

## 9. SONNEBLOM KOSTEREKENINGE EN RENTE

**9.1.** Alle silokostes is betaalbaar 30 dae na maandstaat datum of soos met Senwes ooreengekom. Indien die klant versuim om die betaling betyds te maak, word rente, daagliks bereken en maandeliks saamgestel, op die uitstaande bedrae gehef. Rente word teen ABSA Bank se heersende prima uitleenkoers, soos van tyd tot tyd van toepassing, bereken. Rente word gehef vanaf die datum waarop die bedrag betaalbaar was tot datum van volle betaling

**9.2.** ‘n Sertifikaat onderteken deur ‘n bestuurder of assistent bestuurder van ABSA (wie se aanstelling en amp nie bewys hoef te word nie), waarin die voormelde prima uitleenkoers/koerse uiteengesit word sal, bly blote voorlegging daarvan, dien as prima facie bewys van die inhoud daarvan.

**9.3.** Onttrekking en oorplasing van sonneblom vanuit klante-opberging sal slegs toegelaat word en silo- en Safex-sertifikate sal slegs uitgereik word, indien die klant se rekening ten volle betaal is. Senwes mag egter in sy eie diskresie sodanige onttrekking of uitreiking toelaat, indien daar op daardie stadium voldoende sonneblom in retensie op voorraad oorbly om as sekuriteit vir Senwes se uitstaande rekening te dien.

## 10. DIVERSE TARIEWE

Diverse dienste word geag as ondersteunend tot Senwes Grainlink se graandienste en word aangebied waar die toerusting beskikbaar is en nie beset is nie. Die tariewe wat geld vir die gebruik van diverse Grainlink fasiliteite is vanaf 1 Mei 2024 tot 30 April 2025 soos volg:

### 10.1. Massametings

10.1.1. Alle klante wat die massa van ’n vrag wat nie afgelaai word nie, wil bepaal, betaal R6.45 per ton (BTW uitgesluit) en R7.41 per ton (BTW ingesluit) op die totale massa van die vrag, vir die gebruik van die massameter met ’n minimum koste van R83.63 (BTW uitgesluit) en R96.17 (BTW ingesluit).

10.1.2. Klante en privaat instansies wat nie oor klante nommers beskik nie, moet kontant vir die diens betaal wanneer dit gelewer word.

10.1.3. Senwes Grainlink aanvaar geen regsaanspreeklikheid vir die korrektheid van die massa van sodanige goedere wat geweeg word nie.

10.1.4. Senwes Grainlink gradeer nie `n vrag met graan wat geweeg en nie afgelaai word nie.

**10.2. Versakkingskoste (Indien die fasiliteite en toerusting beskikbaar is)**

- Koste vir versakking van graan beloop R169.11 per ton (BTW uitgesluit) en R194.47 (BTW ingesluit) en klante verskaf hul eie sakke. Slegs van toepassing waar uitsak toerusting beskikbaar is en bedryfsomstandighede dit toelaat.

**10.3. Sonneblom uitlaai**

- Enige klant wat sonneblom wil uitlaai, en onderworpe aan klousule 6.7 moet Senwes **ten minste 10 werksdae** kennis gee van sy voorneme om sonneblom te onttrek. Geen sonneblom mag uitgelaai word sonder Grainlink Bedryf se toestemming nie.

- Senwes sal egter geen aanspreeklikheid aanvaar indien dit nie op die ooreengekome datum van uitlaai nie in staat is om uit te laai nie, en sodanige onvermoë om uit te laai ontstaan as gevolg van omstandighede buite Senwes se beheer.

**11. ADMINISTRATIEWE TARIEWE**

**WOORDOMSKRYWINGS**

**"Fasilitering"** beteken waar Senwes die administrasie van die kontrak namens die koper van die sonneblom hanteer.

**"Voorraad oorplasing"** is waar die voorraad van een persoon/klant oorgeplaas word na 'n derde party.

**"Standaard Lewerings inligting"** bevat onder andere inligting soos die leweringsdatum, tipe sonneblom, voertuig registrasienommer en netto massa.

**"Versporing"** is enige vorm van vervoer waar die produk van een punt na 'n ander vervoer word.

**"Kopers"** is individue en/of instansies wie sonneblom aankoop.

**"Produsente"** is individue en/of regspersoon wie sonneblomprodukte produseer.

**"Klant"** is 'n individue en/of regspersoon met wie Senwes kontrakteer op die terme en voorwaardes hierin vervat.

**11.1. DIREKTE ONTVANGSTES/LEWERINGS BY SILO'S VIR KOPERS VANAF ANDER PRODUSENTE**

Kan op twee maniere hanteer word, naamlik fasiliterings / of direkte ontvangstes op folio nommers.

**11.1.1. DIREKTE ONTVANGSTES**

Transaksie geskied as volg:

a. Voordat sonneblom by silo ontvang kan word, moet die klant wat die sonneblom op sy folio wil lewer, eers hoofkantoor skakel om seker te maak dat daar wel 'n folio nommer beskikbaar is om sonneblom ontvangstes op te kan doen. 'n Folio nommer sal met "52*****" of 4******" begin.
b. Indien daar nie 'n folio nommer beskikbaar is nie, moet dit eers geskep word by Senwes Sentrale Administrasie nadat alle toepaslike dokumentasie en aansoekvorms ontvang en onderteken is. Kontak u verkryger of silo bestuurder.
c. Die klant, soos vermeld in die voormelde skrywe, betaal 'n hantering tarief per ton, welke tarief onder andere voorsiening maak dat beperkte standaard leweringsinligting aan die kliënt beskikbaar gestel word op aanvraag.

**11.1.2. FASILITERINGS**

a. Die koper is geregtig op inligting met betrekking tot voorraad-ontvangstes, bestellings, versporings en balanse.
b. Fasilitering transaksies word soos volg hanteer:
    - Senwes open 'n aankoopkontrak wat die produsent in staat stel om by die silo te kan lewer.

- Hierdie aankoopkontrak word gekoppel aan 'n verkoopkontrak wat in die koper se naam geopen word.
- Sodra lewerings plaasvind, nomineer die produsent die kontrak waarop die lewerings geskied. Indien die produsent aandui dat die lewering op die fasiliteringskontrak geskied, skakel die voorraad oor van die aankoopkontrak na die verkoopkontrak.

**11.2. NUWE FASILITERINGS OP UITGESTELDE BERGING**

a. Senwes het besluit om 'n nuwe opsie vir kopers daar te stel om fasiliterings kontrakte uit te oefen. Hierdie opsie gaan die koper in staat stel om die sonneblom op uitgestelde berging te ontvang.

b. Dieselfde prosedures (sien paragraaf 2.3) gaan nog gevolg. Die verskil gaan wees dat die koper self kan besluit wanneer die sonneblom moet oorgaan na dag of jaarstoor.

   Wanneer klante sonneblom wil uitlaai, moet Senwes in kennis gestel word, sodat die sonneblom op die regte folio nommer geplaas kan word en daar instruksies uitgereik kan word. Die koper kan self die daaglikse lewerings gedoen teen die klant se voorraad, opvolg en bevestig op die Senwes Applikasie ("app") "My Senwes".

c. Die droog- en skoonmaakkostes word dan teen die koper se rekening gedebiteer.

d. Die koper se kontrak gaan oopgemaak word op sy leweringsnommer, met ander woorde, die nommer wat begin met, ''52****''of 4******.

e. Sodra die sonneblom uitgelaai gaan word, sal die voorraad na die, ''53***** nommer oorgeplaas word.

f. Die dagopberging, hantering, silokostes en administrasiekostes is vir die koper se rekening.

g. Neem asb kennis dat die faktuur vir die administrasiekostes, eers aan die einde van die kontrak vir die koper gegee gaan word. Die rede hiervoor is om vas te stel wat die ware ton is wat gelewer is. Die klant aanvaar alle uitstaande koste moet eers betaal wees voor die voorraad na die koper oorgedra sal word

h. Senwes is nie aanspreeklik vir enige skade in gevalle waar die produsent besluit om nie sy sonneblom op die fasiliteringskontrak te lewer nie.

i. Senwes is nie die agent of verteenwoordiger van die klant nie.

j. Senwes benodig die volgende inligting indien u sou belangstel in fasiliterings transaksies:
   1. Silo waar lewering sal plaasvind.
   2. Die tipe sonneblom wat gelewer gaan word.
   3. Die produsent se naam en leweringsnommer.
   4. Die tonnemaat wat gelewer gaan word.

**11.3. VOORRAADBALANSE EN VERSENDINGSINLIGTING TEN OPSIGTE VAN SILOSERTIFIKATE / VOORRAADOORPLASINGS VANAF EEN KLANT NA 'N ANDER KLANT**

Detail inligting rakende voorraadbalanse en/of versendings sal een keer per maand op aanvraag beskikbaar wees.

**11.4. VOORRAADOORPLASINGS EN KONSOLIDASIE VAN VOORRAAD**

- Indien 'n klein hoeveelheid voorraad van die koper op 'n kontrak oorbly, kan Senwes Grainlink dit oorweeg om dit terug te koop teen 'n ooreengekome prys.

- Oorplasingskoste van voorrade vanaf een klant na 'n ander beloop R8.08 per ton (BTW uitgesluit) en R9.92 per ton (BTW ingesluit), onderhewig aan 'n minimum van R141.73 (BTW uitgesluit) en R162.99 (BTW ingesluit) per transaksie en 'n maksimum van R1,317.54 (BTW uitgesluit) en R1,515.17 (BTW ingesluit). Die kontraknommer, koperkode, tonnemaat en silo moet vermeld word met so 'n versoek. Beide partye moet toestemming gee vir hierdie tipe oorplasing asook wie verantwoordelikheid aanvaar vir die oorplasingskoste. Gepaste dokumentasie vir die doel is by u naaste silo beskikbaar.

Voorraadbalanse en/of versendinginligting is beskikbaar soos in punt 2 omskryf.

**11.5. ELEKTRONIESE SILOSERTIFIKATE**

- Uitreikingskoste van 'n **Elektroniese Silosertifikaat** beloop:
  - R5.01 per ton (BTW uitgesluit) en R5.76 per ton (BTW ingesluit), beperk tot `n minimum van R109.81 (BTW uitgesluit) en R126.29 (BTW ingesluit) per silosertifikaat;
  - Electronic Silo Certificate ("ESC") transaksiekoste soos van tyd tot tyd deur ESC bepaal word.

- Senwes Grainlink Elektroniese Silo sertifikate bied onder andere die volgende voordele, sonder om dit te waarborg:
  - Eienaarskap oordrag geskied in 'n veilige omgewing;
  - Verhoogde effektiwiteit deur verbeterde kontroles, die uitskakeling van die versending van silo sertifikate aan klante asook die kansellasie van sertifikate;
  - Die risiko van bedrog word verminder;
  - Intydse inligting is beskikbaar;
  - Die Elektroniese Silo sertifikaatregister vergemaklik rekordhouding vir klante en kan selfs bestaande rekordhouding van klante vervang.
  - Die stelsel is tot beskikking en gemak van silo-eienaars en alle partye wat silosertifikate gebruik, insluitende makelaars, handelaars en verwerkers:
  - Koste verbonde aan Senwes Grainlink Elektroniese Silo sertifikate: Die produsent/klant is verantwoordelik vir normale silokoste ten opsigte van hantering en berging;
  - Klante moet by ESC hul unieke pin nommer en wagwoord registreer;
  - Besoek www.silosert.co.za vir registrasie en verdere opleiding.

**11.6. VERSPORINGREÈLINGS**

**Let wel :** Uitlaai geskied streng volgens voorafbespreking soos hieronder uiteengesit. Waar kopers nie bespreek nie of waar die transporteerder nie op die bespreekte tyd opdaag nie, sal die betrokke instruksie óf nie hanteer kan word nie, óf eers ná ander besprekings hanteer word. Maak asseblief seker dat u transporteerder van hierdie reëlings bewus is ten einde enige ongerief en verdere kostes te verhoed.

- Die volgende inligting word benodig wanneer graan uitgelaai en/of bestel word:
  - Koperkode, kontraknommer en silo waar gelaai word;
  - Tonnemaat;
  - Datum wanneer uitlaai beoog word;
  - Transporteerder se besonderhede. Faks transporteerder se besonderhede (naam van die transporteerder, voertuigregistrasie-nommer en identiteitsnommer van bestuurder) aan hoofkantoor en relevante silo;
  - Spoorvervoer: Sylynnommer en Spoornet rekeningnommer.
  - Onttrekkingsdokument voltooi en indien (Beskikbaar op Intranet)
- Bogenoemde besonderhede moet gestuur word aan Corne Olivier per epos of u kan haar kontak by (018) 464 7226. E-pos: senwesgrainstock@senwes.co.za.
- Uitlaai instruksienommer word aan u voorsien, waarna die toepaslike reëlings vir die uitlaai van die produk by die gepaste silo gereël moet word.
- Waar bestellings per spoor geskied, moet u die voorafbeplanning wat deur Spoornet vereis word in gedagte hou.
- Laai reëlings moet minstens **10 (tien) werksdae** vooraf met die betrokke silo getref word. `n Uitlaai instruksienommer beteken nie dat daar by die silo opgedaag kan word om uit te laai sonder vooraf reëlings met die silo wat behels uitlaaityd en datum nie.
- Senwes Grainlink sal egter geen aanspreeklikheid oploop indien dit nie op die ooreengekome datum van uitlaai in staat is om uit te laai nie, en sodanige onvermoë om uit te laai ontstaan as gevolg van omstandighede buite Senwes Grainlink se beheer.
- Enige veranderings aan instruksies sal nie by die silo geskied nie, maar moet gereël word by Senwes Grainlink (Grainlink Versporings), Corne Olivier (018) 464 7226. E-pos: senwesgrainstock@senwes.co.za.
- Indien dit sou gebeur dat Senwes Grainlink nie `n betrokke graansoort of graad kan uitlaai by `n betrokke bedryfspunt nie, sal Senwes Grainlink geregtig wees om die graan of graad beskikbaar te stel by `n alternatiewe bedryfspunt waar die graansoort of graad wel beskikbaar is, wat die klant in dieselfde posisie sal plaas as die aanvanklike bedryfspunt soos omskryf in die JSE voorskrifte.
- Indien graan onder beroking is by `n bedryfspunt sal Senwes Grainlink die mark van beroking inkennis stel en sal in hierdie geval nie verplig wees om die uitlaai van die betrokke graan by alternatiewe bedryfspunte te laat

plaasvind nie, sowel as in die geval van `n breekstop of gesondheidsrisiko's waar die uitlaai van graan onmiddelik gestaak kan word.

- Senwes Grainlink is van voorneme om die spesifieke graad wat die klant waartoe hy geregtig is sou wou onttrek, uit te laai volgens die graderingsregulasies soos gepubliseer in die staatskoerant. Indien `n klant spesifieke graderings resultate of addisionele toetse op die spesifieke graansoort of graad sou versoek, sal dit vir die klant se eie koste verwys word na `n onafhanklike geakkrediteerde instansie, met dien verstande dat Senwes Grainlink se amptelike vrywarings dokumente onderteken is. Enige versoeke rakende graan kwaliteit kan per e-pos gerig word aan grainquality@senwes.co.za.
- Tydens versending van sonneblom word 10% vog as basis beskou en geen aanpassing word vir vog onder 10% gemaak nie.
- Geen eise vir kort massa sal oorweeg word wanneer graan per pad by silo's opgeneem word nie.
- Alle instruksies/kontrake wat op 'n ex-silo basis uitgereik word sal Senwes Grainlink nie instaan vir die vervoerkoste indien 'n graderings dispuut verklaar word nie, sowel as in die gevalle waar klante gebruik sou maak van eksterne of derde party gradeerders tydens uitlaai. Let ook dat geen eksterne gradeerder of derde party gradeerder toegelaat sal word om operationele besluite te neem tydens die uitlaai van graan by Senwes Grainlink se bedryfspunte nie.
- Indien vragmotors per abuis oorlaai word sal die bestuurder van die vragmotor versoek word om die geskikte hoeveelheid af te laai. Geen vragmotor sal oorlaai word nie, slegs die wetlike dravermoë van vragmotors sal gelaai word.
- Waar silosertifikate of voorraadoorplasings tussen klante betrokke is, word slegs die versporingsdokumentasie wat die vragmotor of treintrok vergesel, voorsien.
- Waar 'n instruksie waar nog geen graan uitgelaai is nie, op versoek van die klant gewysig word, sal die wysigings kosteloos gedoen word. Indien graan reeds op die instruksie uitgelaai is en 'n wysiging word versoek sal die koste R5.77 per ton (BTW uitgesluit) en R6.64 per ton (BTW ingesluit) beloop met 'n minimum tarief van R109.81 (BTW uitgesluit) en R126.29 (BTW ingesluit).
- Waar 'n vrag op 'n instruksie gelaai is, versoek word dat instruksie gekanselleer word en die vrag moet afgelaai word, is die hanteringsbedrag betaalbaar.
- Indien daar toestemming gevra word om na-ure te laai, moet die versoek reeds 5 werksdae vooraf gerig word aan die streekbestuurder van die betrokke silo vir goedkeuring. Indien goedgekeur sal die klant telefonies of per e-pos verwittig word. Daar is geen verpligting op Senwes Grainlink om wel na-ure uitlaai goed te keur nie. Die klant moet skriftelik/per e-pos, bevestig dat die klant bereid is om die na-ure laai tarief van R20.47 per ton (BTW uitgesluit) en R23.54 per ton (BTW ingesluit) te aanvaar vir mielies, graansorghum en sonneblom. Sonneblom se tarief sal R40.93 per ton (BTW uitgesluit) en R47.07 (BTW ingesluit) wees.

**12. Kragonderbrekings en kragopwekker**

- Die volgende is van toepassing slegs by Senwes Grainlink silo's wat toegerus is met kragopwekkers wat in staat is om die elektriese lading van die betrokke silo te kan hanteer. Beurtkrag is 'n werklikheid wat 'n wesenlike effek op die industrie sowel as die totale ekonomie het. Senwes Grainlink kon tot nou toe klante akkommodeer deur van kragopwekkers gebruik te maak by sommige van ons silo's.
- Van die Senwes Grainlink silo's word egter verder ge-affekteer deur die munisipaliteite wat tans erge probleme ondervind met hul elektrisiteit distribusie.
- Senwes Grainlink het nie beheer oor bogenoemde nie en affekteer dit die operasionele bedrywighede van die silo. Dit plaas egter 'n baie hoë koste op Senwes Grainlink om deurlopend van kragopwekkers gebruik te maak en was Senwes Grainlink genoodsaak om die volgende reëling in plek te stel en sal jaarliks die koste aanpas.
- Die koste om graan met behulp van 'n kragopwekker uit te laai beloop R49.79 per ton. Senwes Grainlink is bereid om R33.19 per ton by te dra tot die koste. Indien koper / eienaar van die graan bereid is om die addisionele R16.60 per ton (sonder BTW) te betaal vir die gebruik van 'n kragopwekker, kan Senwes Grainlink die laaibeurte tydens kragonderbrekings diens. Indien die uitlaai van vragte met 'n kragopwekker na-ure geskied, sal na-ure koste ook gehef word. Hierdie tariewe sal aangepas word 1 Mei 2025.
- Hierdie is 'n vrywillige deelname en indien 'n klant nie van die opsie gebruik wil maak nie, sal die klant se laai gleuf aanskuif tot wanneer die kragonderbreking opgehef word.
- Geen vragte sal tydens kragonderbreking uitgelaai word met behulp van 'n kragopwekker tensy die graan eienaar skriftelike daartoe toegestem het nie, en sodanige toestemming aan die betrokke silo gestuur of gelewer het nie.
- Die graan eienaar sal met die kragopwekker tarief (waar van toepassing) gefaktureer word, welke betaalbaar is binne 30 dae na datum van faktuur.

- Indien graan met behulp van `n kragopwekker gelaai word na-ure, geld die tariewe en voorwaardes vir na-ure laai ook. **Senwes behou die reg voor om te besluit of kragopwekkers aangewend word al dan nie.**

## 13. DISPUUT PROSEDURES

Alle dispute moet aan ListSenwesGrainDisputes@senwes.co.za gestuur word. Die doel van hierdie prosedure is om die koper te help om die regte stappe te volg ten opsigte van 'n dispuut, wat sal verseker dat sy koste verhaal word indien die dispuut suksesvol is. 'n Dubbel buis steker sal gebruik word vir die monsterneming van 'n omstrede besending.

GRADERINGS DISPUTE

'n Dispuut moet per besending verklaar word (1 wa of 1 vragmotorvrag) en dienooreenkomstig hanteer word.

- Alle dispute moet telefonies met die dispuut beampte by Senwes Hoofkantoor verklaar word. Telefoniese dispute moet skriftelik opgevolg word vir registrasie.
- Dispute moet skriftelik op die voorgeskrewe dispuut vorm (beskikbaar by die dispuut klerk) deur die kliënt (die kontrakparty met Senwes) ingedien word. Slegs geregistreerde dispute sal oorweeg word.
- Die dispuut begin na ontvangs van 'n voltooide geskrewe dispuut verklaring vergesel van 'n voltooide skriftelike graderingsverslag. (E-pos)
- Monsterneming en gradering moet gedoen word in ooreenstemming met die regulasies vir die spesifieke kommoditeit soos uiteengesit in die Staatskoerant, en moet deur 'n gekwalifiseerde gradeerder met die nodige graderings sertifikate ten opsigte van die spesifieke kommoditeit gedoen word.
- Indien 'n arbiter die dispuut (versending) ondersoek, moet die voorgeskrewe graderingstoerusting beskikbaar en in werkende toestand wees. As die graderingstoerusting nie beskikbaar is nie, sal die Senwes oorspronklike gradering volgens versendingsdokument aanvaar word.
- Indien 'n besending afgelaai word voor registrasie en aanvaarding daarvan, sal geen dispuut of aanspreeklikheid berus nie en word die Senwes-gradering as finaal en korrek aanvaar.
- Geen dispuut kan verklaar word ten opsigte van die besending waarvoor die koper toestemming verleen het vir die vermenging van verskillende soorte produkte nie.
- Sou die koper, wat die kommoditeit by Senwes gekoop het, nie die party wees wat die geskil aanhanging maak nie (voormalige koper het herverkoop, of die eienaarskap van die kommoditeit aan 'n derde party oorgedra het - "derde party"), behou Senwes hom die reg voor om onderhandel met die derde party om die geskil op te los.

MASSA DISPUTE

- Gewigsbepaling word gedoen op Senwes gekalibreerde en geverifieerde weegbrue en is finaal soos dit deur die vervoerder gelaai en aanvaar word. Indien die ontvanger van mening is dat 'n fisiese verlies tydens vervoer plaasgevind het, moet die verlies van die betrokke vervoerder verhaal word.

ARBITER

- Senwes kan aandring op die aanstelling van 'n onbevooroordeelde arbiter om 'n betwiste Senwes-besending te ondersoek voordat besluite gefinaliseer word. Daar moet ooreengekom word op die spesifieke arbiter- en arbitrasiekoste (skriftelik) na registrasie van die dispuut, en sodoende kan Senwes vrygestel word van enige verwante koste.
- Senwes is slegs vir die koste van die arbiter aanspreeklik indien daar op die bostaande grondslag ooreengekom is.

VERVOER

- Vervoerkoste ten opsigte van eise is nie van toepassing op openbare vakansiedae en naweke nie.

SPOORVERVOER

- 24 uur word toegelaat waartydens 'n dispuut opgelos kan word, en vir welke tydperk geen koste ge-ëis mag word nie. (Vervoerkoste, onkostes en graderingskoste)
- Besendings wat per spoor vervoer word en langer as twee weke (10 dae) onderweg is, kan Senwes nie verantwoordelik gehou word op eise rakend insekbesmetting nie.

PADVERVOER

- Vervoerkoste as gevolg van dispute word afsonderlik van graderings dispute hanteer.
- Indien 'n dispuut ten gunste van die koper besleg word, moet vervoertariewe vir retoervragte onderhandel en bevestig word tussen Senwes en die Vervoerder. Senwes sal slegs onderhandel vir 'n markverwante vervoertarief.
- Gedurende normale werksure (07:00 - 17:00 weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae), word drie (3) ure toegelaat waartydens 'n dispuut opgelos kan word voordat enige koste verhaal kan word.
- Besendings moet binne redelike tyd vervoer word met inagneming van die afstand tussen laaipunt en aflaaipunt. In die geval dat 'n vrag nie binne 'n redelike tyd by sy bestemming afgelewer kan word nie, moet dit

aan die dispuut kantoor gerapporteer word. Indien bogenoemde nie van toepassing is nie, is die besending se verantwoordelikheid van die koper en kan geen dispuut verklaar word nie.

Ex Silo / Oorgrens Vragte

- Geen dispute rakende gradering en/of investerings van enige besendings sal aanvaar word deur Senwes sodra die besending of vrag oor die Suid Afrikaanse grens vervoer is nie. Senwes aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige moontlike dispuut op vragte buite die grens van Suid Afrika.

**Navrae**

*Administrasie en Boerevoorraad*
Melissa Wiese • (018) 464 7893
senwesgrainstock@senwes.co.za

*Silosertifikate*
Jenita Jooste• (018) 464 7624
jenita.jooste@senwes.co.za

*Versporing*
Corne Olivier • (018) 464 7226
senwesgrainstock@senwes.co.za

*Uitvoerende Finansiele Bestuurder*
Annerie Myburgh (018) 464 7484
annerie.myburgh@senwes.co.za

*Uitvoerende Bestuurder: Grainlink*
Kobus Strauss (018) 464 7109
kobus.strauss@senwes.co.za

*Bestuurder Silobedryf*
Heinrich Henning • (018) 464 7396
heinrich.henning@senwes.co.za

## 14. VOEDSELVEILIGHEID: VOEDSELHIGIËNE

**14.1.** Vragmotors, trekkers en waens sal tydens lewerings geïnspekteer word om te verseker dat glas, olie, diesel, verkoeler water, stukke metaal, ensovoorts nie in die sonneblom kom nie. Seile wat gebruik word moet ook skoon en insek vry wees.

**14.2.** Die klant (hetsy produsent of verskaffer) moet ook verseker en waarborg dat:

- sonneblom geskik is vir menslike en dierlike gebruik;
- alle chemiese toedienings voldoen aan die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, Wet 36 van 1947, en die Wet op Landbouprodukstandaarde, Wet 119 van 1990 of enige toepaslike wetgewing, dat volledige rekord gehou is van alle chemiese toedienings op die produk wat gelewer word;
- die produk nie besmet is met enige skadelike toksienes of enige gifstowwe wat skadelik of gevaarlik is vir menslike en dierlike gebruik.

**14.3. Kliënt se chemiese verklaring**

- Klante moet hulself vergewis van die wetlike vereistes ten opsigte van chemiese middels en voldoen aan die standaarde soos daarin neergelê. Klante sal verplig wees om tydens lewerings 'n verklaring van nakoming by die **Senwes silo waar hulle sonneblom wil lewer**, in te dien saam met elk sonneblomlewerings opdrag waarin hul verklaar dat hul:
  - die voorskrifte nagekom het
  - nie onwettige middels en/of
  - geen foutiewe dosisse en/of
  - op verkeerde tye van die wettige middels toegedien het nie.

- Vir die volledige bewoording sien asb. Bylaag 1.
- Sou die klant nalaat om die Chemiese Verklaring te voltooi, sal aanvaar word dat daar wel aan die bogemelde vereistes voldoen word.
- Die uiteensetting van die Chemiese verklaring kan op die agterkant van die graanleweringsopdrag gevind word en die ondertekening van die graanleweringsopdrag sal ook dien as verklaring.

**14.4.** Senwes sal ter enige tyd volgens sy diskresie geregtig wees, om ondersoek in te stel na die nakoming van hierdie vereistes en om monsters te neem vir ontleding. Senwes behou die reg om vragte weg te wys indien daar enige vermoede bestaan dat regulasies en/of wetgewing nie nagekom is nie.

**15. VERMENGING VAN SONNEBLOM**

Senwes stoor sonneblom van dieselfde tipe en kwaliteit in losmaat, op sodanige wyse dat vermenging van dieselfde tipe en kwaliteit plaasvind. Klante wat sonneblom by Senwes stoor kan slegs aandring op dieselfde tipe en kwaliteit sonneblom soos omskryf in die toepaslike graderingsregulasie en kan slegs sonneblom van soortgelyke kwaliteit onttrek of bemark. Senwes behou die reg voor om by teruglewering van die sonneblom ‘n soortgelyke of beter kwaliteit te lewer.

**16. SONNEBLOMLEWERINGSOPDRAG**

**16.1.** Geen sonneblomlewering sal ontvang word indien ‘n sonneblomleweringsopdrag nie deur die klant voltooi en geteken is nie.

**16.2.** Silopersoneel mag nie ‘n leweringsopdrag namens die klant onderteken nie.

**16.3.** Klante kan nie ‘n aanbod om sonneblom te verkoop of versoeke in die verband op die sonneblomleweringsopdrag aandui nie en sal Senwes nie daarvan kennis neem nie. Indien klante hul sonneblom aan Senwes wil verkoop kan met Senwes se verkrygers kontak gemaak word.

**17. AgriRewards Plus**


**Registrasie**
AgriRewards-lede registreer hul boereverenigings vir hierdie ekstra voordeel op die Senwes-app of AgriRewards-webwerf met ‘n OneAgri-rekening.

**Verdienste**
Die opgehoopte inkomste wat deur boereverenigings verdien is, sal twee keer per jaar op versoek aan die boerevereniging uitbetaal word; na 31 Oktober en na 30 April.

**Belonings**
Die Senwes-groep dra outomaties ’n persentasie van sy wins tot geregistreerde boereverenigings van AgriRewards-lede by, gebaseer op die besigheid wat deur hierdie lede met deelnemende maatskappye in die Senwes Groep gedoen word. Hierdie kontantvoordeel word deur die Senwes Groep gefinansier en is ’n addisionele voordeel bo en behalwe die huidige voordele wat aan AgriRewards-lede toegeken word. AgriRewards+ bied ’n gestruktureerde manier om skenkings na gemeenskappe te kanaliseer, met die boerevereniging as die afvoerkanaal. AgriRewards+ kan potensieel R1,8 miljoen per jaar uitbetaal aan geregistreerde boereverenigings gebaseer op die besigheid wat deur hulle Agrirewards-lede gedoen is.

**Begunstigdes**
Boereverenigings kan dan, onderhewig aan sekere voorwaardes, besluit hoe hierdie inkomste in hul gemeenskappe spandeer moet word, byvoorbeeld by skole, ouetehuise, kerke en fasiliteite soos gemeenskapsgebaseerde sekuriteit.

Indien u enige verdere inligting verlang, kan u met Heinrich Henning, Operasionele Bestuurder, skakel te (018) 464-7396.



___________________________

**HEINRICH HENNING**
**BESTUURDER SILOBEDRYF**

Die chemiese verklaring word per sonneblom lewering gedoen en dit is vir die lewerings produsente se gerief agter op die SONNEBLOM LEWERINGS OPDRAG aangebring.

Die bewoording daarvan is soos in BYLAAG 1 hierby aangeheg.

**CHEMIESE VERKLARING** **Bylaag 1**

Ek, die ondergetekende,

Voorletters en Van: ______________________________

Naam van plaas: ______________________________

Posadres: ______________________________

Lidnommer: ______________________________

Wat van voorneme is om sonneblom te lewer by die volgende silo's van Senwes.

______________________________

______________________________

______________________________

Neem hiermee kennis van die gebruik van chemiese middels en beperkings op sonneblom soos vervat in die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels(*Wet 36 van 1947)* en enige ander tersaaklike wetgewing.

Ek is bewus van die feit:

1. dat wetlike vereistes neergelê is met betrekking tot die gebruik van sekere onkruiddoders, insekdoders en verskeie ander landboukundige chemikalieë en die residu-vlakke van die relevante produkte wat in die produk teenwoordig mag wees en wat toegedien mag word.

2. dat ek my moet vergewis van die wetlike vereistes en dat ek moet voldoen aan die standaarde soos daarin neergelê.

3. dat ek verplig sal wees om voor lewering hierdie verklaring van nakoming by Senwes in te dien en ek verklaar dat ek die voorskrifte nagekom het en nie onwettige middels en/of teen foutiewe dosisse of op verkeerde tye, van die wettige middels toegedien het nie.

4. dat Senwes ter enige tyd volgens sy diskresie geregtig sal wees om ondersoek te doen met betrekking tot die nakoming van hierdie vereistes en om monsters te neem vir ontleding.

5. dat sonneblom wat nie aan die vereistes voldoen nie, nie vir lewering aanvaar word nie en force majeure nie daarop van toepassing sal wees nie.

GETEKEN : ______________________________

PLEK : ______________________________

DATUM : ______________________________